# NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

**Kantoor** 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
**Ds Servaas de Kock** 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za
http://www.ngrandburg.org / facebook.com/ngkerkrandburg


## 23 Julie 2023

## VANDAG

1. **Erediens:** Ds Servaas de Kock. *Openbaring Reis 1.* **Open 1 : 4-8.** *God is en sal wees … vir ons!*
2. **Kategese: Kleuterkerk** - **3-6 jr** (Koffiekroeg), **Kleinkerk** - **Gr 1-3** (Kamer 1*)*, **Gr 4-5** (Kamer 2), **Gr 6-7** (Afdak/Kapel); **Gr 8-10** (Konsistorie) en **Gr 11** (Sysaal).
3. **Belydenis van geloof:** *Mionae Vermaak.*
4. **Nuwe lidmate – Baie welkom!** Meld asb by Sakkie en Elsa Louw in die portaal aan.
5. **Omgeegroepe** soos deur leiers gereël.

## ONS LEWE

1. **Program vir die volgende weke:**

| | |
|---|---|
| **30 Jul** | Openbaring Reis 2. Doop. |
| **6 Aug** | Openbaring Reis 3. Doop. Omgeegroepe |
| **13 Aug** | Openbaring Reis 4. |
| **20 Aug** | Openbaring Reis 5. Nagmaal. Gesinsfees. Omgeegroepe |
| **27 Aug** | Openbaring Reis 6. |
| **3 Sep** | Openbaring Reis 7. Lentesangfees. Omgeegroepe |

2. **Ring van Linden:** Die gewone jaarlikse vergadering vind op 24 en 25 Julie by Randburg-Suid plaas. Ds Servaas en Pieter Jooste woon die vergadering as Randburg se afgevaardigdes by.
3. **Gemeente-ete en Wynveiling: Vrydag 25 Augustus** … ten bate van Kerskardoese 2023. Merk asseblief die datum en nooi familie en vriende. Kaartjies sal binnekort beskikbaar wees. Die katalogus – met iets vir almal – is feitlik gereed. Meer besonderhede volg!
4. **Inspirasiedag vir almal: Saterdag 9 September – 9:00 – 12:00** *… want ons kan beter leef in ons land …* merk die datum en nooi familie en vriende en kollegas. Dit gaan iets besonders wees.
5. **Beroep van leraar:** Die bekendmaking van die vakature met die posvereistes verskyn in Die Kerkbode. Lidmate kan dit deel met leraars wat sou belangstel om vir die pos aansoek te doen. Die skakel is: https://kerkbode.christians.co.za/2023/06/21/ng-kerk-randburg-voltydse-leraar/. Die aansoeke sluit 11 Augustus. Ons bly glo en bid dat die Here die "regte" leraar vir Sy gemeente in Randburg sal voorsien.

# ONS GEE OM

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Di Hart** (083 226 5486), **Piet Homan** (072 355 2186), **Heleen Bekker** (011 787 3732), **Abraham Verrynne** (083 483 9132), **Dolf Müller** (082 854 8815), **Chris de Waal** (082 926 2282), **Kobie du Toit** (084 583 3551), **Marie Grobler** (), **Johan Kemp** (011 787 6274) en **MW Moll** (011 705 1314).
2. **Operasies en hospitalisasie en gesondheidsprobleme**
   - **Richard Greeff Snr** (082 804 5070) ondergaan Maandag 'n knie-vervanging.
   - **Sampie Keeve** (082 449 7564) herstel van 'n rug-operasie.
   - **Leo Thamm** (082 824 6604) herstel van 'n skouer-operasie.
   - **Marcia Walters** (082 455 5982) herstel van 'n knie-vervanging.
   - **Arina Rossouw** (082 508 2179) herstel na 'n operasie en wag vir verdere behandeling.
   - **Daan en Annelie van Rooyen** (082 954 9944) se dogter is steeds in Garden City.

# GELUK MET DIE VERJAARSDAG

23/07 Wiehan Botha
27/07 Karien Jones, Kayla la Grange
29/07 Reo Laurens, Teresa Marais, Banus Marais, Theuns Volschenk

# GESINSFOKUS – GEBED VIR ALLE KINDERS

'n Ma se gebed

Ek laai my kinders op U trein HERE - Ek is so moeg van wakker lê en wroeg
My hart is gebreek oor my kinders se seer
Toe hulle klein was - kon ek hulle teen my vasdruk as hulle seerkry
En pleisters en spoeg aansmeer - totdat hulle weer lag.
Nou is hulle groot en hulle seerkry is anders.
Ek kan hulle nie meer vasdruk nie.
Ek voel magteloos - ek kan niks meer vir hulle doen nie.
Ek kan maar net vir hulle bid, en hulle aan U opdra.
Groot Kondukteur ... ek laai hulle vandag op U trein.
Neem hulle asseblief saam met U op reis.
Laat my rustig aanvaar dat ek nie meer kan saamgaan
En neem sommer my bagasie van skuldgevoelens - waaraan ek so swaar dra, ook met U saam.
Ek dank U dat U hulle eintlike Vader is - omdat U Seun hulle met Sy bloed gekoop het.
Lig U hande seënend oor my kinders, Here Jesus,
En laat hulle opkyk na die hande wat hulle seën.
Laat hulle, hulle name onuitwisbaar gegraveer sien in U handpalms,
En laat U bloed wat daaruit vloei, wat hulle reinig van alle - ja, regtig, alle sonde.
Groot Kondukteur ... ek wuif vir hulle terwyl U met hulle verder op hulle lewensreis vertrek.
Dankie tog, Here dat ek kan weet, U is hul redder en ek dank U daarvoor!
Amen

*Oorgeneem (Oorspronklike outeur onbekend)*

# WOORDGESPREK

**Vir Bybelstudie, omgeegroepe en huisgeloof -**

# Reis deur Openbaring 1

## Week van 23 Julie – Openbaring 1 : 4 – 8

Ons is in Koninkrykstyd ... of *Ordinary Time* ... soos ander tradisies dit noem. Dié seisoen van die kerkjaar fokus op hoe ons in di gewone lewe die buitengewone waarhede van God se werk in ons uitleef ... hoe die "kerk" die instrument is waarmee Hy die wêreld bereik ... hoe ons in geloof en gehoorsaamheid en hoop leef ...

Johannes (*deur die keiser verban na 'n afgeleë eiland*) skryf hierdie brief waarin hy vir gelowiges probeer verduidelik dat God baie groter is as wat ons dink. God het nie 'n begin of einde – soos 'n sirkel is Hy die begin se begin is en die einde se einde is. Hy wil vir hulle aanmoedig om aan te hou glo al gaan dit soms swaar, of al het hulle soms getwyfel. God sal hulle deur hulle geloof help om dinge te sien en verstaan wat hulle nie vroeër kon sien of verstaan nie. Hulle moes net fokus op wat aan die einde gebeur en so deur elke swaarkry aanhou ... veral as hulle vervolg word omdat hulle nie ander gode wou aanbid nie.

Openbaring is in 'n besondere styl geskryf – en dit is vol beelde en simbole wat vir die eerste lesers sin gemaak het maar vir ons wat dit lees moeilik of onverstaanbaar kan wees. *Ons hoop om deur die reeks meer daaroor te verstaan.*

Die boek bestaan uit **7 hoofdele** ... om vanuit 7 hoeke na die kerk op aarde te kyk. Hoofstuk 1 – 3 se hooflyne wys ... *7 staanlampe is die kerk oor die hele wêreld ... gelowiges moet aanhou om die lig vir die wêreld te wees ... Jesus Christus laat die gelowiges nooit alleen in hierdie wêreld nie ...*

Ons lees nou **Openbaring 1:4-8** ... *gebruik ook 'n ander vertaling of meer en lees dit ook daarin ...*

1. Wat is die een gedagte of tema wat uitstaan in die gedeelte? Probeer die hoofgedagte in een sin opsom?
2. Baie Christene was bang en onseker oor hulle veiligheid en ook die toekoms. Watter hoop sou hulle kon vind uit hierdie woorde van Johannes?
3. Watter druk beleef mense vandag? En ons spesifiek? Deel met mekaar iets daarvan.
4. Wat is ons eerste reaksie wanneer ons bekommerd of onseker is? Waaroor is jy op hierdie oomblik bekommerd of onseker?
5. Die brief wil vir die gelowiges 'n ander perspektief (uitsig) op hulle omstandighede gee. Watter beloftes is daar in hierdie gedeelte om aan vas te hou?
6. Wat beteken dit as God sê Hy is die Alfa en Omega? (*Alfa en Omega is die eerste en laaste letter van die Griekse alfabet ... ons van A tot Z*).
7. Hoe laat dit jou voel om te weet dat God deur alles en ook tot aan die einde van alles by jou is?
8. Gesels oor die stelling: *Everything will be okay in the end. If it's not okay, it's not the end.*

# PREEKGEDAGTES – VIR LUISTER EN SKRYF

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

# SNUFFELGIDS

1. **Blomme en dekor vir enige geleentheid:** Troues, konferensies, verjaarsdae en spesiale vierings. blessings.flowerings@gmail.com of kontak Betsie (082 442 6373) vir meer inligting.
2. **Loodgieter:** Gekwalifiseerde loodgieter. Skakel vir Maurice van Wyk - 076 266 2068.
3. **Zeek's Artisan Food:** Voorbereide etes – "*druk-in-die-oond-wonders*" soos lasagne, geroosterde hoenderpastei, herderspastei, macaroni en kaas, sosaties, fees-skinkborde met verskeidenheid lekkernye. Spesiale feesbrode met GMO vrye meel. Siegfried – 082 448 9534.
4. **Vrystaatse lamsvleis:** Vol of ½ lam opgesny en vakuum verpak soos verkies, afgelewer by huis. Boerewors en bees maalvleis ook beskikbaar. Besoek www.affi-plaas.co.za of kontak Martiens (071 609 8937) vir meer inligting.
5. **Betroubare verfwerk:** Diet Masenya (072 850 0588) lewer 'n uitstekende diens as verwer en algemene herstelwerk. Afrikaans en Engels goed magtig. Verwysings beskikbaar.
6. **Beskuit te koop:** Tuisgemaak. R80.00 vir 500 gram. Verskeidenheid soorte. Skakel of WA gerus vir Anna - 082 653 2059. Aflewering kan gereël word vir Sondae by kerk.
7. **Karavaan te koop:** 2005 Sprite Scout. Ruim binnekant. 2 dubbelbeddens en maklik om te sleep. Met tent. R85000 onderhandelbaar. Kom kyk gerus. Daan – 082 954 9944.

# BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

**NG Gemeente Randburg**
**ABSA Randburg**
**Kode 505 705**
**Tjek rek nr: 0170580001**

**Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.**